

God daag ook op by hoop se begrafnis

“Hoop werk nie vir my nie. Ek is ’n realis.” So hoor ek iemand op die TV sê. Lyk my baie mense stem saam. Wag, ek weet hulle doen. Ek luister hoe mense praat. Ek sien hoe hulle optree. Hoop is ’n minderheidsposisie in baie families en organisasies. Deesdae is hoop selfs onder druk in baie gelowiges se lewe. Hoop is oppad uit. Hoop is op uitverkoping. Regstellende aksie het hoop getref. Dit is nie meer polities korrek om te hoop nie. Die boek Klaagliedere hou selfs ’n begrafnis vir hoop. Hierdie boek is loshande die mees hooplose boek in die Bybel. Al vyf hoofstukke handel oor die haglike situasie van Jerusalem daar rondom die jaar 538 voor Christus. Dit is in die tyd toe baie ballinge teruggekeer het na hulle geliefde stad wat in puin gelê het. Alles in Jerusalem was tot op die grond afgebreek. Daarom hou Klaagliedere begrafnis, hoop s’n.

Maar dan sien die skrywer van Klaagliedere 3 skielik vir God raak. God het toe ook opgedaag by hoop se begrafnis. Hy is daar tussen al die klaendes en hooploses wat geen toekoms meer sien nie. Meteens verander die skrywer se toonaard en inhoud in Klaagliedere 3:21. Hy besef dat as God te midde van wanhoop kan opdaag, dan is hoop nie regtig dood nie. En die mooiste van alles, God daag op as wie Hy nog altyd is - die God van ontferming en goedheid. Wat ’n ontdekking vir die skrywer, en hopelik(!) ook vir jou en my! Die Here is wie Hy nog altyd is. Hy is goed vir elkeen wat bly glo, ook in ’n tyd van wanhoop. Die Here is nie weg as almal se hoop weg is nie; of anders as almal bitter en hooploos is nie. Sy trou is steeds elke oggend nuut.

Hoop is ’n minderheidsposisie. Dit is ’n “ek” in Klaagliedere 3 wat die Here te midde van wanhoop raaksien. Die res (“ons”) is blind vir God, en afgestomp vir hoop. Bitterheid, woede en wanhoop is die meerderheid se begrafnis-musiek. Maar vir elke individu wat saam met Klaagliedere 3 vir God raaksien in geloof, is Sy trou elke oggend nuut. God is regtig goed vir elkeen wat op Hom hoop. Sluit asseblief aan by die enkeling van Klaagliedere 3. Weet saam met hom: hoop is nie dood nie. God is hier. Sy trou is elke oggend nuut.

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- Janine Vorster – vir deurbraak in haar gesondheid. Vir volkome genesing.
- Lottie Conradie – kry baie swaar. Het MS. Bid vd Here se nabyheid.
- Marié Deyssel – vir volkome genesing.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Anette Beckman – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir nabyheid vd Here. Hy is baie siek.
- Isak Mofokeng – het voetprobleme. Vir volkome genesing.
- Anna Mofokeng – het ’n beroerte gehad. Vir volkome herstel.
- Gert en Magriet du Plooy – vir volkome genesing. Albei ernstig siek.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Fred Venter – vir volle genesing en herstel.
- JP vd Walt – het longvlies-kanker. Vir volkome genesing.
- Louise van Zyl – het groot rug operasie gehad. Vir spoedige herstel.
- Hennie v Aswegen – vir spoedige herstel.
- Susan Nieuwenhuys – vir genesing.
- Suzette Fourie – vir beterskap
- John Stapleton – vir beterskap en volle genesing. Het swelling op brein en lê in ICU

EK self gee jou die opdrag.

Wees **sterk**, wees **vasberade**.

Moenie skrik nie, moenie bang

wees nie, want **EK**, die

HERE jou **GOD**, is by jou

oral waar jy gaan.

Onthou om te onthou . . .

Datum	“Topic”	Plek
-------	---------	------

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade**...
- Ons is lief vir U!



**The LORD - the
GOD of battle has
spoken – who can
change HIS plans??
When HIS HAND
moves who can stop
HIM! (Isaiah 14:27)**

Gedagte vir die week

YOU MAY HAVE TRIED EVERYTHING
DIG DEEPER
YOU FEEL LIKE THERE'S NOTHING LEFT INSIDE
DIG DEEPER!
YOU'RE GETTING 'OK' RESULTS...
DIG DEEPER!
YOU MAY HAVE ACHIEVED A LOT IN YOUR LIFE
DIG DEEPER!